Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JUNIE 2021

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

REHABILITASIE VAN HELLING BY GROTTO-OOS SE PARKEERAREA VORDER FLUKS

Noudat die nodige magtiging verkry is, kon daar begin word om die stormskade aan die hoogliggende parkeerarea by Grotto-Oos te rehabiliteer en te herstel. As alles volgens plan verloop, sal dié werk teen die einde van Mei afgehandel wees.

Duine vorm op 'n eiesoortige wyse. In hierdie geval het 'n vroeëre verbod op voertuie daartoe aanleiding gegee dat duine gevorm het wat die Kleinrivier-estuarium se natuurlike monding geblokkeer het. Toe hierdie estuarium weens 'n vloed uit die binneland versadig was, het dit 'n ander pad gevind om homself te ledig en sy weg gebaan totdat hy uiteindelik anderkant die parkeerarea by Grotto-Oos deurgebreek het. Hierdie breuk het saamgeval met 'n hewige aflandige storm en 'n springgety.

Weens hierdie toestande en omdat die breuk reg langs die mensgemaakte klipgevulde wal van die parkeerarea was, het verspoelings daartoe aanleiding gegee dat die wal naaste aan die see meegegee het. Hierdie situasie het in die winter van 2013 tot só 'n mate vererger dat die duine tot binne ses meter van die teerpad teruggesny is.

Die area wat gerehabiliteer moet word, het betrekking op 'n kurwe van sowat 160 meter in lengte. Die projek behels die fatsoenering van die parkeerarea se aansig aan die seekant om 'n helling van 1:2 vertikaal tot horisontaal vanaf die bokant van die parkeerarea se oppervlak te vorm.

Die rommelmengsel bestaande uit sementblokke met gewapende materiaal wat lank terug gebruik is toe die parkeerarea aangelê is, sal onaangeroer bly om verdere erosie van die wal te verhoed.

Sodra rehabilitasiewerk afgehandel is, sal die helling by die parkeerarea met gekompakteerde klei en sand afgewerk word en daarna met inheemse plante eie aan kusgebiede beplant word.

Alhoewel hierdie 'n tydelike maatreël is tot tyd en wyl rowwe seetoestande of die migrasie van die estuarium se mond na die weste weer erosie en/of die verdere uitkalwing van die onderste lae tot gevolg het, word hierdie opsie verkies omdat dit nie erge ingryping noodsaak nie, vinnig geïmplementeer kan word en nie 'n gevaar vir die publiek inhou nie.

Charel Bruwer verbonde aan die omgewingsbeplanning- en impakevalueringskonsultante EnviroAfrica (Overberg) is aangestel as die omgewingsbeheerbeampte wat toesig oor die implementering van hierdie omgewingsbestuursplan gaan hou. Kommer, vrae en klagtes rakende die rehabilitasieproses kan aan hom gerig word by 082 805 0190 van 07:30 tot 18:00.

Let daarop dat hierdie projek niks te make het met die parkeerarea en braai-area by Grotto-Oos nie. Indien inwoners enige aanbevelings of idees rakende die bestaande braaifasiliteite het, moet hulle asseblief die tersaaklike wykskomitee nader.

MAAK JOU VRAG VAS!

Ter wille van padveiligheid moet almal wat algemene huishoudelike afval, tuinafval of bourommel na 'n oorlaaistasie, aflaaipunt of stortingsterrein vervoer verseker dat die vrag na behore vasgemaak is.

Ooreenkomstig die munisipale verordening insake geïntegreerde afvalbestuur moet 'n persoon wat afval deur 'n munisipale gebied vervoer, verseker dat:

- los rommel of tuinafval op 'n voertuig bedek word met 'n dekseil of 'n geskikte net; en
- dat geen rommel of tuinafval van die voertuig waarop dit vervoer word, lek of val of andersins daarvan loskom nie.

Nalating om hieraan te voldoen, kan 'n minimum boete van R1 500 tot gevolg hê.

GOOI VULLIS HIER WEG TEN TYDE VAN VLAK 1-INPERKING

Alle oorlaaistasies en aflaaifasiliteite is oop.

Slegs die oorlaaistasie in Kleinmond en die aflaaifasiliteite in Hawston, Stanford en Pearly Beach sal klein vragte skoon bourommel aanvaar. Vragte van meer as 1 ton of wat besmette rommel waarvan die dimensies groter as 250 mm is, moet by óf die Gansbaai- óf die Karwyderskraal-grondopvulterrein gestort word.

Aflaaifasiliteite se werksure:

HERMANUS-oorlaaistasie in Mbekistraat (*tuin- en algemene afval*) – oop op weeksdae van 08:00-18:00, Saterdae van 09:00-16:00, en openbare vakansiedae van 09:00-14:00

VOËLKLIP-naweekaflaaipunt in 7de Straat (*huishoudelike afval, slegs swart sakke*) – oop op weeksdae van 08:00-18:00, Saterdae van 09:00-16:00, Sondae van 10:00-17:00, en openbare vakansiedae van 09:00-14:00

VOËLKLIP PRAWN FLATS-aflaaipunt (*slegs tuinafval*) – oop of weeksdae van 08:00-18:00, Saterdae van 09:00-16:00, en openbare vakansiedae van 09:00-14:00

HAWSTON-aflaaipunt in Kerkstraat (*bourommel, tuin- en algemene afval*) – oop op weeksdae van 08:00-18:00, Saterdae van 09:00-16:00, Sondae van 10:00-17:00, en openbare vakansiedae van 09:00-14:00

KLEINMOND-oorlaaistasie in Hoofweg (*bourommel, tuinafval en algemene huishoudelike afval*) – oop op weeksdae van 07:30-18:00 en van 07:30-16:00 op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae

BETTYSBAAI-aflaaipunt op die R43 tussen Bettysbaai en Pringlebaai (*slegs tuinafval*) – oop op weeksdae van 08:00-16:00 en op Saterdae van 08:00-16:00.

STANFORD-aflaaipunt in nywerheidsgebied uit Rivierstraat (*bourommel, tuinafval en algemene huishoudelike afval*) – oop op weeksdae van 08:00-17:00 en van 09:00-14:00 op Saterdae en openbare vakansiedae

PEARLY BEACH-aflaaipunt in Broadway-straat (*bourommel, tuinafval en algemene huishoudelike afval*) – oop op weeksdae van 08:00-17:00 en van 09:00-14:00 op Saterdae en openbare vakansiedae

GANSBAAI-stortingsterrein in Voortrekkerstraat (*bourommel, tuinafval en algemene huishoudelike afval*) – oop op weeksdae van 08:00-18:00 en van 08:00-15:00 op Saterdae en openbare vakansiedae

KARWYDERSKRAAL-stortingsterrein (*slegs bourommel, gekerfde tuinafval en algemene huishoudelike afval*) – oop op weeksdae van 08:00-17:00; gesluit oor naweke. Let daarop dat enigeen wat van die Overbergdistriksmunisipaliteit se stortingsterrein by Karwyderskraal gebruik wil maak, eers by die ODM as 'n terreingebruiker moet registreer. As jou naam nie op die databasis verskyn nie, sal jy nie toegelaat word om enige afval te stort nie, selfs al daag jy vir die eerste keer by die stortingsterrein op. Registrasievorms kan aangevra word van Ingrid Marti by imarti@odm.org.za en is ook beskikbaar by die Karwyderskraal-weegbrugkantoor.

HOU JOU HOND AAN ’N LEIBAND: DIS VERPLIGTEND.

Ooreenkomstig die munisipale verordening moet honde in openbare plekke aan ’n leiband en ten alle tye onder beheer wees van die persoon wat die leiband vashou.

Om ’n hond in ’n openbare plek toe te laat sonder dat dit aan ’n leiband en onder beheer van ’n persoon is, sal ’n boete of skutting tot gevolg hê.

Mense wat hul honde stap, moet ook ’n sakkie byderhand hou om die honde se kuttels op te tel en moet alle reëls en regulasies van toepassing op Blouvlagstrande en bewareas nakom wanneer en waar van toepassing.

Enige oortreding van die verordening kan aan Wetstoepassing by 028 313 8996 gerapporteer word of bel die 24-uur-beheerkamer 028 313 8980. So nie, maak ’n aantekening van die oortreder se adres en e-pos die details na enquiries@overstrand.gov.za.

WELKOM BY DIE HERMANUS-KUSWANDELPAADJIE

- Plaas alle vullis, ook sigaretstompies, in vullisdromme
- Alle honde moet aan leibande wees
- Hondestappers moet hul honde se kuttels optel
- Munisipale verordeninge sal afgedwing word

Geniet jou wandeling!

CASTLE BEACH ’N BIETJIE VEILIGER, DANKSY PIENK REDDINGSBOEI

Daar om te kyk hoe die pienk reddingsboei by Castle Beach geïnstalleer word, was Pearly Beach-bewarea se voorsitter, Susanne Fuchs, Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Dudley Coetzee, Gansbaai se omgewingsbeampte, Benjamin Kondokter, Overstrand se Blouvlagkoördineerder, Lauren Rainbird, die burgemeester se Burgemeesteres, Shirley Coetzee, en lede van die Pearly Beach-bewarea – Charleen Brunke, Elrina Versfeld, Anke Henrici en Gerald Henrici.

Al te dikwels beland besoekers aan ons kus in die moeilikheid omdat hulle nie ag slaan op waarskuwings teen sleurstrome wat swem uiters gewaarlik maak nie.

As ’n teenmaatreël, en in belang van die veiligheid van daardie heldhaftige weldoeners wat die see aandurf om ’n ander in nood te red, bring die NSRI tans sogenaamde “pink buoys” oral langs die kus aan.

Hierdie apparate het ’n tweeledige doel: Hulle kan na iemand in nood gegooi word sodat daardie persoon kan bly dryf en, gegewe hul helder pienk kleur, dien hulle as ’n merker wat maklik in ’n reddingspoging raakgesien kan word.

Een van hierdie pienk reddingsboeie is onlangs danksy die Pearly Beach-bewarea met die vriendelike medewerking van Tom Brooks-Simon en die bemanning van die NSRI se stasie in Hermanus by Pearly Beach naby Gansbaai aangebring.

Ongelukkig is daar reeds verskeie gevalle aangemeld waar hierdie installasies verniel of die reddingsboeie gesteel is.

Hierdie betreurenswaardige stand van sake het daartoe gelei dat Overstrand se Burgemeester, Dudley Coetzee, hom op alle strandbesoekers moes beroep om enige misbruik van die reddingsboeie te rapporteer en om te help om te verseker dat hulle bly waar hulle hoort – d.w.s. geheg aan ’n paal langs ’n promenade of naby ’n swemplek.

As jy ’n pienk reddingsboei sien wat nie op een van hierdie plekke aan ’n paal vasgeheg is nie, stel die NSRI asseblief dadelik in kennis deur 082 990 5967 (Hermanus) of 082 990 5952 (Kaap Agulhas) te bel.

Onthou, as jy ’n pienk reddingsboei steel, is dit so goed asof jy iemand van sy lewe ontneem.

Die NSRI se nasionale noodnommer (112), instruksies oor hoe die boei gebruik moet word en die identifikasienommer van die plek waar die boei aangebring is, is op elke pienk reddingsboei aangebring.

Let daarop dat die NSRI onopgeleide weldoeners ten sterkste afraai om enige poging aan te wend om swemmers in nood te probeer red. Ontbied eerder die NSRI (hulle weet wat hulle doen) of bel Munisipaliteit Overstrand se 24-uur-noodnommer 028 312 2400.

Die Burgemeester het klem daarop gelê dat die sukses van die pienkreddings-boeiprojek afhang van die samewerking van die gemeenskappe waarin die boeie aangebring word: “As die gemeenskap eienaarskap van hierdie projek aanvaar, sal die pienk reddingsboeie slegs in geval van nood verwyder word en weer daarna teruggesit word,” het hy gesê.

DIEFSTAL, VANDALISME REDE TOT KOMMER: HOEKOM JUIS SPORTFASILITEITE?



Ondanks die feit dat Munisipaliteit Overstrand sy bes doen om te verseker dat sy gemeenskappe toegang het tot behoorlike sportfasiliteite, kos dit hom jaar na jaar derduisende rande om vernielde eiendom te herstel en te vervang.

Hiervan kan die onlangse vernieling van die tennisbane in Mount Pleasant getuig: Die vandale het nie net die heining, gesteel nie, maar ook sommer die dak, vensters en deure stukkend geslaan en enigiets van kragproppe tot elektriese toebehore gebuit.

Op die koop toe, het hulle hul bes gedoen om alle toilette, krane en wasbakke te verniel.

Aangesien die voorsiening van ontspanningsfasiliteite nie befonds word nie, doen Munisipaliteit Overstrand ’n beroep op alle sportkodes om te help verseker dat hul fasiliteite beveilig word.

Rapporteer misdade aan Overstrand se afdeling veiligheid en sekuriteit by 028 313 8980 of bel die beheerkamer by 028 313 8000/8111.

’N BLAASKANSIE VIR OORBENUTTE SPORTGRONDE

Ter verbetering van sportgronde se speelvelde gaan Munisipaliteit Overstrand voortaan hierdie velde gereeld belug om te verhoed dat die grond weens hewige benutting verdig.

Hierdie besluit is geneem nadat omvattende verdigtingstoetse by sportgronde in Kleinmond, Hawston, Mt. Pleasant, Zwelihle, Masakhane, Blompark, Pearly Beach en Stanford uitgevoer is sowel as by die Spaces for Sports-sportgronde in Gansbaai.

Belugting word as die beste behandeling vir sportgronde beskou.

Gereelde vertrapping gee aanleiding tot verharde en gekompakteerde grond wat verhoed dat plante se wortels kan vestig weens die gebrek aan suurstof. As die grond egter gereeld deurlug word, is daar ’n beter kans dat vog en voedingstowwe die grond sal deurdring om sodoende ’n dieper en gesonder wortelstelsel in die hand te werk wat bestand is teen die hewige benutting van speelvelde.